Opskrif: Split in ram se teelsak

Vraag: Buiten die feit dat 'n diep split in 'n ram se teelsak nie goed lyk nie, is daar enige beproefde nadele daaraan verbonde? Ek het lankal verstaan dat dit weer 'n split in vroulike nageslag se uiers veroorsaak wat melkproduksie benadeel – is dit waar en bewys?

Antwoord:

Ek kon geen wetenskaplike bewyse kry dat dit nadelig is nie, maar dit word algemeen as 'n defek beskou (beide in Amerika en Australië) en telers word aangeraai om daarteen te selekteer. Ek kry geen wetenskaplike studies oor die oorerfbaarheid daarvan nie, maar wel aanbevelings dat die split nie groter as 2 cm of 5 cm moet wees nie.

Dis net die Somali's wat erken dit kom by hulle bokke voor (Fotos hieronder; http://www.esgpip.org; Girma Abebe), so ek dink nie dit beïnvloed vrugbaarheid nie, mits die testis normaal is. Dit lyk op hierdie foto's wel asof dit baie erg gesplit kan wees ook. (Een boer het wel op 'n blog gesê die ureter was ook gesplit, met die gevolg dat urien die hele tyd uitgelek het).

MAAR: die probleem by stoetdiere is dat as kopers daarteen diskrimineer, dit dan nadelig is. Heelwat van hierdie tipe bouvormafwykings is tog hoogs oorerfbaar. So indien so 'n ram gebruik word en meeste van sy ramlammers toon dit en kopers wil hulle nie koop nie, dan het jy 'n probleem in jou kudde ingeteel wat jy weer moet uitteel. So op hierdie stadium kan dit dalk die ras skade doen as sulke ramme toegelaat word en kopers diskrimineer daarteen.

Single versus split scrotum: This could be breed-specific as in Somali goats. Some breeders consider the split scrotum as an undesirable trait and select against it. However, the important thing is to check if equal-sized testicles are present and sperm production is normal.

a. Single scrotum b. Partially split scrotum c. Split scrotum

Figure 5.3. Single versus split scrotum.

Bron: Girma Abeba: Chapter 5: Reproduction in Sheep and Goats.
http://www.esgpip.org/HandBook/Handbook_PDF/Chapter%205_%20Reproduction%20in%20Sheep%20and%20Goats.pdf

Geskryf deur: dr. Helena Theron PhD, SA Stamboek en Diereverbeterings-Vereniging,
helena@studbook.co.za

5 Mei 2018

Helena Theron PhD
Pr.Sci.Nat. (Animal Science) Reg No: 40037/91

SA Stud Book & Animal Improvement Association
SA Stamboek en Diereverbeterings-Vereniging

Tel: +27 82 376 2483
E-mail: helena@studbook.co.za
Skype: helena.theron2

Please read the disclaimer